

Watter bewys het jy nodig om in die Opstanding te glo?

Teks: Johannes 20: 19 - 31
Teksvers: Johannes 20: 25 & 27

1. Inleiding

Glo jy werklik dat Christus opgestaan het? Die bonatuurlike gebeurtenis van 'n man wat deur professionele teregstellers dood verklaar is, lewe op die eerste Sondag en ook vandag nog. Dit is die vraag waarmee verskeie Christene daagliks deur ongelowiges gekonfronteer word. Maar miskien meer so, is dit juis wat gelowiges wil oordra aan ongelowiges. Hulle wil in evangelisasie-aksies hê dat die aanhoorders tot geloof kom. Daarom dikwels die vraag, maar wat is daar die een ding wat in plek moet val dat jy sal glo.

Ons is vanoggend hier tesame juis omdat ons glo, in die Opstanding van die Here Jesus Christus. Dit is immers wat ons gedenk tydens hierdie opstandingsdiens. Maar miskien is dit belangrik dat ons, ons geloof ook weer grond. Waarop is jou oortuiging gebaseer? Met ander woorde wat was nodig vir my en jou om werklik in die opstanding te glo. Ons is dit iets waaraan ons baie lanklaas gedink het.

Wanneer ons soms in kleingeloof twyfel in hierdie sake, is ons nie alleen nie. Die sleutel rolspeler in vandag se teksverse is die apostel Thomas. Hy is afwesig tydens Christus se eerste verskyning aan die Apostels. En skielik in vers 25 eis hy sekere bewyse voordat hy enigsins sal glo dat Jesus opgestaan het uit die dood. Ons almal ken die uiteindelijke gebeure, en die goeie einde wat hierdie worsteling vir Thomas het. Maar kom ons fokus op bewys wat dien ter ondersteuning van die geloof. Sodat ons ook uiteindelik op die enigste manier waarop enige iemand tot geloof kan kom, kan uitkom.

Want uiteindelik is die Opstanding van Christus uit die dood so belangrike hoeksteen in ons geloof, dat daarsonder alles uiteindelik verkrummel.

2. Vervulde profesieë

Ons teksgedeelte begin waar die dissipels agter geslote deure vergader. Hulle kom nog bymekaar, maar hulle toekoms is baie onseker. Hulle is bang dat die Jode hulle ook kom vang en uiteindelik teregstel. En hulle wonder of dit nou alles verby is. Is die profesie wat Jesus oor Sy eie opstanding uit die dood in Lukas 24:46 dan nie die waarheid nie.

Hulle het alles nagelaat omdat hulle geglo het dat Christus die lank verwagte Messias uit die Ou Testament is. Hy wat belowe in Hosea 6:2 en Psalm 16:10 as die een wat uiteindelik die dood finaal sal kom oorwin. Maar nou is Hy gekruisig en hulle is alleen hier agtergelaat. Maar dan skielik verskyn Jesus in hulle midde.

Dit is dat juis hierin wat ons die eerste oortuiging van die Opstanding uit die dood sien. Ons sal vandag eenvoudig sê: Omdat die Bybel getuig dat Christus uit die dood opgestaan het, is dit ongetwyfeld waar. Ons verwag dus die opstanding van die Messias uit die dood omdat dit juis so geprofeteer is, regdeur die Ou Testament en ook deur Jesus self in die Nuwe Testament.

Die probleem met hierdie benadering, sal iemand op die Sendigveld vinnig vir jou uitwys, is dat jy eers in die Nuwe Testament en ook die opstanding moet glo. Sien meeste mense se Christelike reis begin in die Nuwe Testament. Die Ou Testament word gewoonlik eers later gebestudeer. Baie ongelowige geleerdes beskuldig gereeld gelowiges dat hulle eenvoudig, bewys tekste in die Ou Testamentiese profesie gaan soek. Daarom alhoewel skrif met skrif vergelyking 'n belangrike oortuiging en instrument vir ons bly, is dit dikwels nie genoeg om iemand te oortuig van die Opstanding.

Ons sien in ons teksgedeeltes, dat die dissipels die Ou Testamentiese profesieë geken het. Hulle het ook vir Christus self hoor profeteer oor Sy opstanding. Tog verwag hulle Hom glad wanneer hy verskyn aan hulle nie.

3. Empiriese bewyse

Die volgende bewys wat dikwels vir geloof geëis word, is 'n empiriese bewys. En ons teksgedeelte is geen uitsondering as dit hierby kom nie. Empiries beteken natuurlik om met jou sintuie te kan waarneem of dan te kan meet. Die bekende gesegde in verband hiermee is mos sien is glo. En dit is presies dan waar ons ook vir Thomas in ons teksgedeelte aantref.

Thomas se woorde in ons teksgedeelte bevestig presies dit. Ek sal eers glo wanneer ek my hande die merke van die spykers sien, my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in Sy sy. Thomas wil sien en meet. Hy wil seker wees dat dit dieselfde Jesus Christus is wat aan die kruis gesterf het, wat nou opgestaan het.

Met empiriese bewys kan jy tog nie stry nie. Wel vandag rondom ons, is dit duidelik dat mense dikwels daarmee stry. Mense stry oor die interpretasie daarvan of die aanwending daarvan. Of mense bring soveel buite faktore in berekening dat die empiriese bewys uiteindelik wegkwyn in nutteloosheid.

Maar voor ons so hard op Thomas is. Voel ons nie dikwels dieselfde nie. Hy wil maar net dieselfde voorreg hê as wat die ander dissipels gehad, daardie een keer wat hy nie die aand erediens bygewoon het nie. Ons voel ook dikwels dat ons geloof steker sal wees as ons empiries sekere dinge kan beleef. Dink maar aan die groei van kerk wat klem op die wonders en tekens plaas, selfs al is dit vals en nagemaak.

Maar uiteindelik bly die waarheid dat geloof wat gegrond is op empiriese

bewyse, eintlik geen geloof is nie. Dit is juis die boodskap wat Christus ook oordra in vers 29: "Salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het." Hy verwys natuurlik dan die groot getal gelowiges wat op die ou einde buite hierdie groepe dissipels staan. Wat met 'n vaste geloof aan die Here bly vashou, ondanks wat hulle ervaar en beleef in hierdie bedeling.

4. Die werking van die Heilige Gees

Maar as nie een van die vorige sake werklik geloof in die wederkoms by mense kan skep nie, wat kan dan? Die antwoord is die onderwerp van hierdie laaste punt. As ons fyn na die teksgedeelte kyk, gebeur daar iets in vers 22 waaroor ons maklik lees. Die Heilige Gees word aan die dissipels gegee. Want uiteindelik is dit net die Heilige Gees wat geloof in die verlossende sterwe en opstanding van Christus kan skep.

Die is die rede waarop hierdie groepie dissipels uitgesluit thomas so maklik tot geloof in die opstanding kom. Want thomas is afwesig toe die ander die Heilige Gees ontvang het. Ons weet dat die Heilige Gees in Handeling 2 finaal uitgestort word. Voortaan het die uitverkore kinders van die Here, die voorreg om die werking van die Heilige Gees te ervaar.

Ons het in die eerste punt gesê dat die Woord alleen nie genoeg is om iemand tot geloof te bring nie. En nou in hierdie punt kan ons terugkom daarheen. Wanneer die Woord as waar en eg deur die Heilige Gees binne 'n persoon bevestig word, dan vind verlossing en redding plaas. Want dit is dan wat die kruisiging en opstanding selfs vir mense vandag 'n werklikheid word.

Ons sien dit ook in ons teksgedeelte en teksverse. Dit is nie die empiriese bewyse van thomas se vingers en hande nie. Ook nie sy kennis van die profesieë nie. Dit is uiteindelik die teenwoordigheid van

Christus en die werking van die Heilige Gees wat thomas tot die belydenis van “My Here en my God” bring. Daarom om die vraag in die tema te antwoord, wat is nog sodat ek en jy in die opstanding kan glo?, die werking van die Heilige Gees is nodig.

bekende woorde, dat Christus waarlik opgestaan het, ja hy het.

Amen

5. Slot

Ons kan afsluit deur laastens na die belang van die opstading vir die Christen gelowige te kyk. Waarom is dit so belangrik dat ons aan die opstanding vashou? Die antwoord is omdat dit is wat hoop gee in die lewe van 'n Christen gelowige. Ja ons weet dat Christus se sterwe aan die kruis ons losgekoop het. Dat ons nou skoongewas voor die Vader kan verskyn. Maar as Christus nie opgestaan het nie, sou die dood nie oorwin gewees het nie. En dan sou selfs om perfekste mees, mees opregte lewe maar net in die dood eindig.

Maar nou het ons vanoggend die voorreg om soos die vroëer Christen gelowiges, mekaar te groet met die woorde Christus het waarlik opgestaan, ja Hy het. Uiteindelik is dit juis dit wat die Christelike geloof heeltemal anders maak as al die ander vals gelowe. Die wete dat die graf van Christus leeg is. Anders as al die ander vals gelowe se leiers.

Die opstanding en die lee graf verbind ons ook aan 'n geloof wat ver terug begin. Maar dalk meer belangrik, 'n geloof wat ook verder strek as die hier en nou. 'n Geloof wat ware toekomspektief het. Want ons weet uiteindelik soos wat Christus eerste uit die dood opgestaan het, sal ons ook eendag uit die dood opstaan en vir ewig lewe.

Daarom is dit in dankbaarheid vir ons elkeen vanoggend 'n voorreg om die geloof wat die Heilige Gees binne ons werk te ervaar. Die geloof wat die hoop en toekoms wat in die opstanding lê duidelik te kan raaksien. Ek groet u met die ou